Quartzite straat gaan aansoek doen vir leibeurte

Quartzite straat inwoners gaan binnekort leibeurte in hierdie straat instel aangesien ons reeds die afgelope 2 maande vry- lopende water in ons straat het. Al probleem waarmee ons sit is dat ons nog nie van die munisipaliteit ‘n kraan gekry het om die water te stop as ons dit die slag nie gebruik nie en daar dan kosbare hoeveelhede water net wegloop in die drein.

Hierdie is natuurlik tong in die kies want vele van die inwoners het hierdie waterlek al gerapporteer, daar is al 2 maal persoonlik met Mnr Nico Prinsloo gepraat hieroor, om net te hoor dat hulle met ‘n mannekrag probleem sit. Wel ons verstaan as jy nie ‘n pyp wat lek binne die eerste 48uur kan herstel nie, maar dit is nou al 2maande (1ste keer op die 2de Jul gerapporteer)wat hierdie pyp onophoudelik in ons straat lek.

Hierdie senario is belaglik hoe lank moet miljoene liters water nog wegloop voordat die menusipaliteit iets hieroor gaan doen.

Hou maar julle rekenings fyn dop iemand gaan hiervoor betaal

Roelof le Roux (Inwoner van Quartzite straat)